Oos-Kaap

Cannon Rocks
25-28 Maart 2016

Donderdag was ons maar ‘n paar by boekevat gewees. Die weer was heerlik en ons het heerlik saamgekuier en die aand geniet. ‘n Paar van die manne het gaan lyn nat maak, maar niks gevang nie.

Vrydag het daar nog lede aangesluit. Op die ou einde was ons 11 gesinne. Ons het Goeie Vrydag net rustig verkeer.

Saterdag het van ons straatmark toe gegaan en rondgery en pot gemaak. Tjaart het weer die wind geroep, maar ons het lekker gekuier.

Lindie Stander—3de in looitjie kompetisie

Sondag na boekevat het ‘n klomp van ons boot gaan ry. Daar is lekker geëet en ons het die dag geniet. Tydens die boot “trip” het die paashaas sy opwagting gemaak en ons bietjie bederf met paaseiers. Ons het heerlik aan dit gesmul.

Clarise van Eck was die paashaas

Ruth Basson—2de i looitjie kompetisie

Maandag het van ons vroeg al begin pak. Die lang naweek is gou verby, maar ons het lekker gerus. Baie dankie aan almal wat lekker saamgekamp het en aan Benna Weitz wat fotograaf gespeel het.

Casper Jerling se ma 1ste plek in looitjie kompetisie

Groete Richard Heyman